Vrydag **12 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 90:1-6**

**Fokusgedeelte: Psalm 90:1**

**Verganklik, maar nie verlore nie**

Reuse tsunamibranders wat na onsigbare aardbewings onder in die dieptes van die see gebore is, het in die onlangse verlede die mens se tydelikheid beklemtoon. So sukkel ons almal daagliks om vas te staan in die strome en golwe van die tyd wat oor ons spoel. Ons het hierdie lewe net op bruikleen. Dit kan enige tyd weer teruggevra word.

In Psalm 90 lees ons dat die Here vir ons ’n skuiling, ’n huis op ’n rots bied in onsekere tye. Hierdie vastigheid is geborge in die ewige God. Alhoewel ons bestaan as mense soos dié van verganklike gras is, is die Here getrou. Alhoewel die mens onder God se oordeel staan en deur die Here se grimmigheid vergaan, bly God vir ons ’n toevlug. Ja, ons is nie dakloos nie. Ons het ’n huis. God is ons huis.

Dit is ’n psalmwoord wat ons net reg kan verstaan nadat ons ook die Johanneswoord gelees het: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon (Joh. 1:14). Letterlik staan daar in die Grieks: Die Woord het ons “getabernakel”. Daardeur is Moses se gebed in Psalm 90:13 verhoor. God het teruggekeer. Jesus Christus het sy bloed laat stort sodat u en ek nie sal vergaan onder God se toorn nie.

Ons is steeds verganklik, maar nie verlore nie. Met Christus se wederkoms word ons beklee met onverganklikheid en die sterflike word beklee met onsterflikheid (1 Kor. 15:54). Dan is ons in die ouerhuis van die Vader tot in ewigheid!

*Sing: Psalm 90-1:1*

*Ds. G (Gustav) Opperman (Emeritus)*